NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 19 – Uitgawe 5

12 Februarie 2026

# Bek-en-klouseer – nie net die boer se probleem nie

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Suid-Afrika ervaar tans een van die ergste bek-en-klouseer-uitbrekings in die geskiedenis. Hierdie gevreesde siekte is 'n uiters aansteeklike virussiekte wat hoefdiere affekteer. Dit word deur direkte kontak tussen diere, in die lug, maar ook deur klere, skoene en voertuie versprei. Tans is dit veral melkbees- en varkboere wat die meeste hierdeur geraak word.**

Daar is geen direkte geneesmiddel teen bek-en-klouseer (BKS) nie en dus is biosekuriteit die grootste prioriteit. In kort beteken dit voorkoming is beter as genesing. Boere se stryd is dus om die siekte van hul plase af te hou. Die siekte word tans grootliks deur kwarantyn en bewegingsbeheer bestuur. Voertuie se wiele moet eers deur 'n spuit ontsmet word en passasiers moet op 'n ontsmettingsmatjie staan voor jy die perseel mag betree.

Indien hierdie krisis nie reg bestuur word nie, kan dit verwoestend wees en talle boere kan as gevolg daarvan finansieel ondergaan. Die graad van die krisis verskil tans van provinsie tot provinsie, maar die bedreiging is steeds daar. Feit is egter dat boere in uiterste gevalle massaslagtings van hul kudde moet oorweeg.

Die groot uitdaging is tans kontantvloei en volhoubaarheid. Vanweë die geweldige aansteeklikheid van die siekte kan verskeie boere nie vee veilings toe neem en verkoop nie. Dit plaas reuse druk op boerderye.

Oor die breë ekonomiese impak hiervan hoef ons nie te wonder nie. Suid-Afrika is 'n groot uitvoerland wat vleis betref. Indien BKS buite beheer is, sal dit ons uitvoere knou.

Voorkomende entstowwe is nou dringend nodig. Vroeër het die staat oor 'n sterk enstofvervaardigingsvermoë by Onderstepoort beskik. Ongelukkig is dit tans as gevolg van 'n gebrek aan kundigheid nie meer die geval nie. Rolspelers in die privaatsektor kan of behoort 'n groter rol te speel aangesien daar voldoende kundigheid in die privaatsektor is.

Met die skryf van dié artikel is daar bekend gemaak dat 'n beperkte hoeveelheid entstof wat in Suid-Afrika vervaardig is, dadelik na provinsies versend kan word. Dit is ongelukkig egter maar 'n druppel in die emmer. Massaversending van entstof uit Turkye en Argentinië – wat ongelukkig nog eers deur goedkeuringsprosesse van die regering moet kom – is egter volgens kundiges die langtermynoplossing.

Die omvang van die krisis is groot en dit geld op vele terreine vir boere, tussengangers en verbruikers. Van die Kerk se kant af moet ons bedag wees op hierdie stand van sake. Ons word geroep om ons boere in hierdie krisistyd met gebed, pastorale steun en elke denkbare middel tot ons beskikking te ondersteun. Elke gemeente word opgeroep om in te tree. Ons uitreik na boere behoort met insig, begrip en deernis gepaard te gaan.

Ons boere en hul kosbare arbeid word nie aldag na waarde geskat nie. Die impak wat hulle maak, raak letterlik ons daaglikse inkopies, verbruik en welwese. Indien BKS nie reg bestuur word nie, kan dit 'n ramp veroorsaak wat talle boere wat reeds uitdagende landboufaktore in die gesig staar, hard sal tref.

Ons as Kerk en veral gemeentes in boerderygemeenskappe het nou die taak om te luister en pastorale bystand te verleen waar stres, wantroue en dalk moedeloosheid begin intree. Ons dra ons land se boere met al die spanning wat met boerdery gepaard gaan opnuut aan ons hemelse Vader op.

**Ds Hennie van der Linde**
**(Vliegepoort)**



Ds Paul Janse van Rensburg



Dr Annelie Botha



Dr Gerhard Lindeque



Ds A Meiring



Ds S van der Walt



Ds JA Jansen van Rensburg

## Lief en leed



- Gelukwense aan **mnr Elton en ds Retha Losper** (Suidoos-Witbank) met die geboorte van hul seuntjie, **Robert**. Hy is op 5 Februarie op 29 weke gebore en het 1.1 kg geweeg en was 36 cm lank. Dit goed met mamma en baba.

- Die Kerk het met hartseer verneem van die afsterwe van **ds JP (Paul) Janse van Rensburg** (emeritus) op 9 Februarie. Sy gedenkdiens sal Donderdag 12 Februarie om 11:00 vanuit NGK Gemeente Oosterlig in Waterkloof Glen, Pretoria, plaasvind. Ons betuig simpatie met sy familie.

- **Die volgende predikante verjaar tot 20 Februarie. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**
  - Donderdag 12 Februarie: Ds PB (Pieter) Viljoen (emeritus)
  - Saterdag 14 Februarie: Prof PM (Pieter) Venter (emeritus), en
  - ds CP (Larry) van der Walt (Oos-Londen)
  - Dinsdag 17 Februarie: Dr A (Antionette) Janse van Rensburg (dosent/Montana), en
  - ds DJ (Danie) Struwig (emeritus)
  - Woensdag 18 Februarie: Dr P (Piet) van Staden (emeritus/Stellenbosch/Worcester), en ds PS (Peet) Esterhuizen (emeritus)
  - Donderdag 19 Februarie: Ds P (Petri) de Kock (emeritus)
  - Vrydag 20 Februarie: Ds NJ (Nic) Marè (emeritus)

## Gemeentes en bediening

- **Dr A (Annelie) Botha** (Kempten, deeltyds) het 'n beroep na **Montana-Oos (deeltyds)** ontvang. Sy het die beroep aangeneem.

- Die Kommissie van die AKV verleen **emeritaat** aan **dr GC (Gerhard) Lindeque** (Bybelgenootskap/Makarios) op 31 Mei 2026.

- Besluite geneem deur die Moderamen tydens hul gewone vergadering op 6 Februarie:
  - Die Moderamen keur **ds A Meiring** se aansoek om behoud van ampsvoorreg goed.
  - Die Moderamen neem kennis daarvan dat **ds S van der Walt** nie meer 'n lidmaat of predikant van die Hervormde Kerk is nie. Sy het wel ampsvoorreg in die NG Kerk waar sy tans lidmaat is.
  - Die Moderamen neem kennis van **ds JA Jansen van Rensburg** se losmaking van Gemeente Emmaus Kenleaf met behoud van ampsvoorreg op 28 Februarie 2026.
  - Gemeentes en ringskommissies word versoek om daarop te let dat alle **beroepsaktiwiteite** in oorleg met die ringskommissie moet plaasvind, en dat ringskommissies die hernuwing van diensooreenkomste met predikante konsekwent proaktief met kerkrade moet bespreek. Dit geld veral vir die voortgesette gebruik van emeriti in gemeentes.
  - Die Moderamen versoek dr WC van Wyk om in die tweede helfte van 2026 'n **toerustingskursus** vir die nuwe ringskommissies aanlyn aan te bied om hulle op hoogte te bring van hulle belangrikste verantwoordelikhede. Meer inligting sal later in die jaar volg.
  - Die saamgesmelte Gemeentes Noordelike Pretoria en Wonderboompoort staan as **Wonderboompoort** bekend.
  - Die Moderamen het met dank kennis geneem van die aangehegte **kontrolelys** wat nou as riglyn aan gemeentes beskikbaar gestel kan word in die geval van samewerking, samesmelting of ontbinding. Dit sal op die ekstranet beskikbaar gestel word en kan ook van die Skribaat aangevra word. Predikante en ringskommissies moet aangemoedig word om die Kerkorde te gebruik om te verseker dat alle kerklike prosesse korrek gevolg word.

- Het u gemeente ’n behoefte aan **professionele opnames**? Aanlyn sigbaarheid hoef nie ’n uitdaging te wees nie. Die **Ateljee@Waterkloofpark** bied hierdie dienste aan gemeentes teen **bekostigbare pakkette**, gefokus op u gemeente se behoeftes. **Kontak ons** vir meer inligting by 012 460 8441 of **justine@pretoriaoos.com**.

## Werksgeleenthede

- **Werksgeleentheid by die Sinodale Dienssentrum: Personeelbeampte**
**Sluitingsdatum vir aansoeke**:13 Februarie 2026

Ons benodig die dienste van ’n bekwame personeelbeampte om die span by Menslike Hulpbronne te versterk en die NHKA se adminsitratiewe en finansiële verantwoordelikhede na te kom.

**Vaardighede:**
- Sterk diensgeorienteerde ingesteldheid en vaardighede
- Akkuraatheid en detail

**Posvereistes:**
- Matriek
- Tersiêre kwalifikasie of ekwivalent in salarisadministrasiestelsels
- Ten minste twee jaar ondervinding in ’n salarisbetalingsomgewing wat belastingaangeleenthede insluit met verkieslik ervaring in die gebruik van VIP en Sage payroll
- Ondervinding in Microsoft excel
- Bewese in algemene administrasie en rekordhouding

**Ons bied:**
- ’n Mededingende vergoedingstruktuur en voordele.
- ’n Stimulerende werksomgewing wat persoonlike en professionele groei bevorder.

**Hoe om aansoek te doen:**
Stuur jou CV aan **mannekrag@nhk.co.za**. Gebruik asseblief die postitel, *Personeelbeampte*, as onderwerp van jou e-pos. Aansoeke moet teen **13 Februarie 2026** ingedien word. **Kontak** mev Susan Moore of mnr Pieter Maree by **012 322 8885 vir enige navrae.**

## Vergaderings

- Vrydag 13 Februarie: Oudit- en Risikokomiteevergadering
- Dinsdag 17 Februarie: TOF Beurs en Leningskomitee
- Woensdag 18 Februarie: HTK opening
- Donderdag 19 Februarie: NHKA Pensioenfonds
  SSF NHKA Bestuursforum vergadering
- Saterdag 14 Februarie: NHSV Hoofbestuursvergadering

## Hervormde Teologiese Kollege

- Die **opening van die HTK** vind op **18 Februarie om 10:00 by Gemeente Philadelphia** plaas. Die prediker is **dr Hein Delport** wat ook die verwelkoming sal hanteer. Die sprekers tydens die geleentheid is **drr Antionette Janse van Rensburg en Robert van Niekerk**. **Prof Jaco Beyers** en **dr Thinus van Staden** sal groeteboodskappe **namens die Fakulteit en die Kuratorium** lewer. Verversings sal na verrigtinge in die saal bedien word. Alle belangstellendes is welkom.

- **Uitnodiging: HTK-leergemeenskappe in teologie.** Ons nooi alle predikante en belangstellendes binne die NHKA hartlik uit om deel te word van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se opwindende leergemeenskappe. Hierdie inisiatief bied 'n unieke ruimte vir verdieping en gesprek in vakgebiede soos Ou- en Nuwe Testament, Praktiese Ekklesiologie en -Teologie, Kerkgeskiedenis, Sistematiese Teologie, asook Godsdiensfenomenologie. Kom woon gerus die amptelike opening van die HTK by vir die eerste afskopgeleenthede van hierdie gemeenskappe, waar ons saam nuwe insigte in die teologie gaan ontgin. Vir enige navrae of om meer uit te vind, kontak gerus vir Clarika Hattingh by **clarikah@nhk.co.za**.

## Kerklike en ander publikasies




- In die **Januarie/Februarie 2026-uitgawe van *Die Hervormer*** verduidelik **dr Hein Delport** vir ons die rigting waarin die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) beweeg. Hy vertel meer van die ontstaan van die HTK en wat hulle vir die toekoms beplan. **Ds David Barnard** skryf in sy eerste uitgawe as redakteur dat dit beter is om die nuwe jaar gelykmatig en realisties in te gaan eerder as met onrealistiese ideale. **Prof Wim Dreyer** gee vir ons meer insig oor *Geloofsverklaring 2025* wat sonder enige teëstem deur die onlangse Algemene Kerkvergadering aanvaar is. Hy verduidelik waar hierdie geloofsverklaring in pas en hoe dit ons lewens as Hervormers raak. Die middelblad is 'n fees van foto's van die Munga-uithouren waaraan sewe ryers ten bate van Rata deelgeneem het. **Dr Wouter van Wyk** vertel ons van hul ervaringe. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes beskikbaar gestel.











- In die **2026 Somer-uitgawe van *Vroueflitse*** fokus die NHSV op ouerbetrokkenheid en geestesgesondheid. **Mev Mari-lizé Beukes,** voorsitter NHSV Hoofbestuur, skyn die kollig op geestesgesondheid in ***Stilword saam met God.*** Ouerbetrokkenheid word toegelig deur **ds Janine Bevolo-Manders** van Gemeente Witfontein wat raad vir ouers en tieners gee in ***Soek God in jou trauma.*** Klik ***hier*** om die uitgawe te lees.










## Kom kyk saam

- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe.

## 'n Gedig

Sy hande word vuil,
sy klere skeur,
sy dae raak moeilik,
sy diere raak siek.
Dit wat hy plant, maak dit nie altyd
tot oestyd nie.
Daar is donderstorms en droogte
en sy geduld raak party dae baie min.

Maar hy hou aan glo,
want hy weet waar sy krag vandaan kom.
Hy is 'n boer.
Dit is nie net sy werk nie,
dit is wie hy is.
'n Boer.


**Dané Pretorius**

facebook.com/TLUSAsedert1897

## Fondsinsamelings en Kerksake

- **Gemeente Seester** bied op **20 Februarie** ’n gholfdag by die Glenvista-baan aan. Kostes beloop R2 400 per vierbal wat ’n halfweghuisbewys, aandete en prysuitdeling insluit. Karretjies kan op eie koste bespreek word. **Kontak gerus vir Martin by 079 743 5216 vir meer inligting.**

## Toerusting




- **Beurs vir PhD-studie by UOVS:** Die Departement Filosofie en Klassieke van die Universiteit van die Vrystaat nooi uitstaande akademiese kandidate om aansoek te doen vir ’n volle beurs vir ’n doktorale studie in die Klassieke en/of Klassieke studies. **Aansoeke sluit op 28 Februarie** en moet gerig word aan prof Johann Roussow (**rossouwjh@ufs.ac.za**) en dr John Meyer (**meyerjc@ufs.ac.za**). **Kontak** asseblief vir dr John Meyer ( **meyerjc@ufs.ac.za**) vir meer inligting.




## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.

## Gebed vir die week

Liewe Heer,

Vandag dra ons ons boere aan U op.

Vader, hulle gaan deur moeilike tye

met erge bekommernisse oor bek-en-klouseer.

Hulle weet nie wat om te verwag nie,

en staar groot verliese in die gesig.

Gee hulle asseblief die krag om deur hierdie moeilike tyd te kom.

Ons bid dat hulle die woorde van Sefanja 3: 16b-17 (AFR83) in hul harte sal bewaar:

16b *Moenie bang wees nie, Sion,*

*moenie jou hande moedeloos laat hang nie!*

17 *Die Here jou God is by jou,*

*Hy, die krygsman wat red.*

Amen.




| | |
|---|---|
| Redakteur: | Ds David Barnard |
| Subredakteur: | Ds Mariët Robbertze |
| Koördineerder: | Mej Sanet du Plessis |
| Uitlegkunstenaar: | Mev Francis Nel |
| Joernalis: | Ds Iwana Kruger |